Nederduitse Gereformeerde Kerk
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Die Tussenkerklike Raad (TKR)

Posbus 13528
Hatfield 0028

Tel: +27 (12) 342 0092
Faks: +27 (12) 342 0380
Sel: +27 82 856 1943
E-pos: gustavc@ngkerk.org.za/
info@ngkerk.org.za

3 April 2017

Die Nasionale Uitvoerende Komitee
African National Congress
E-pos via: marx@live.co.za / dswanepoel@anc.org.za / atmarx@hotmail.com

Dames en here van die NUK,

# Optrede teen President Jacob Zuma

Ons land staan tans by ’n kruispad. Met ’n bevolkingsgroei van ongeveer 1% per jaar, ’n ekonomiese groeikoers van omtrent 0,3% per jaar, ongeveer 9 miljoen werklose mense, meer as 17 miljoen mense wat afhanklik is van staatstoelae, en ’n voortgaande proses van emigrasie onder vaardige, jong Suid-Afrikaners en hulle gesinne, word dit al moeiliker om vir gewone Suid-Afrikaners die geleentheid te bied om ’n menswaardige bestaan te voer in ons geliefde land. Onder sulke omstandighede is dit geen wonder dat misdaad deel is van die alledaagse lewenservaring van ons burgers nie.

Alhoewel kerke geen voorneme het om by die regering van die land betrokke te raak nie, het ons ’n morele verantwoordelikheid. Alle mense is na die beeld van God geskep en die Bybel leer ons dat ons inderdaad *wel* ons broers se hoeders is. En soos die profete van ouds is ons geroepe om te getuig teenoor diegene in magsposisies, of dit nou ’n koning of president of kabinet is. Elke persoon wat gesag uitoefen, doen dit in verantwoordelikheid teenoor die Almagtige God, en sal voor Hom verantwoordelik staan oor die manier waarop hy/sy hierdie mag tot voor- of nadeel van God se mense uitgeoefen het.

U sal onthou dat ons gedurende Augustus 2015 ’n ontmoeting gehad het met verteenwoordigers van die NUK van die ANC in Luthulihuis. By daardie geleentheid het ons reeds aan die senior ANC-lede teenwoordig, waaronder mnr Gwede Mantashe, me Jessie Duarte, en mnr Zizi Kodwa gestel:

> Mr Zuma’s integrity has been widely questioned before his first term as President of South Africa, and his controversial conduct since 2009 has only served to heighten the local and international reservations about his suitability to serve as an inspiring example to the citizens of this country.
> …
> Unfortunately this goes hand in hand with the appointment of questionable members of the ANC in government at the various levels, with appointees who have been shown to lie in public and even in court. … A number of individuals with a dubious track record have been appointed as ambassadors, diplomats, or as senior advisors or heads of government departments.
> …
> These ill-fated appointments, individuals intent on furthering their own interests, as well as faction fighting have led to the gross mismanagement of government departments, municipalities, and (semi-) state enterprises such as the SAPS and newly founded Hawks (the Directorate for Priority Crime Investigation (DPCI), SAA, the SABC, Eskom, Prasa, PetroSA,. It should therefore not surprise anyone that these vitally important institutions have been characterised by instability, poor service delivery, corruption and massive losses of tax money that could have been used for health, education, housing and job creation.

Die senior leierskap van die ANC het nie ag geslaan op ons ernstige waarskuwing nie. Hulle het gereageer deur vir ons te vertel hoe populêr Mr Zuma onder gewone Suid-Afrikaners is, asof dit die negatiewe effek van swak uitvoerende handelinge ongedaan sou maak.

In April 2016, na die eenparige uitspraak van die Konstitusonele Hof oor die Nkandla-skandaal, het ons weer eens 'n brief aan die leierskap van die regerende party gestuur, waarin ons onder meer skryf:

> Mr Zuma failed to heed the [Public Protector's] report, leading to the unanimous judgement of the Constitutional Court that found him guilty, not only of abusing state funds, but also of not fulfilling his sworn constitutional duty to uphold the constitution of this country. We fear that Mr Zuma's half-hearted apology on the 1st of April 2016 does not undo his flouting of the constitution or inspire confidence that he will uphold the constitution without being dragged before court. On the contrary, his behaviour is destroying the moral fibre of our society and is a major cause for conflict and polarisation amongst our people.

Nogmaals het die senior leierskap van die ANC geen ag geslaan op ons ernstige waarskuwing nie. Trouens, hulle het nie eens op enige manier op ons brief geantwoord nie.

Kort na middernag, vroeg op Vrydag 31 Maart 2017, het mnr Zuma weer eens roekeloos gehandel deur die Minister van Finansies en ander kabinetsministers te ontslaan terwyl hy sekere ministers wat pateties gevaar het in sy kabinet behou het, selfs al is hulle vir hulle nalatigheid deur ons howe voor stok gekry. Sy optrede het weer eens gelei tot 'n vermindering in ons geldeenheid se waarde, 'n uitvloei van kapitaal uit Suid-Afrika, en onsekerheid oor die land se kredietgradering. Dit lyk asof mnr Zuma óf nie verstaan wat die gevolge kan wees vir die regering se vermoë om dienste aan die burgers van die land te kan lewer nie, óf dat hy eenvoudig nie omgee nie.

**Ons maak daarop nou 'n ernstige appèl op die Nasionale Uitvoerende Komitee van die ANC om julle leier verantwoordelik te hou en beslissend op te tree in die belang van die land as 'n geheel. Julle optrede nóú sal bepaal wat die siening van gewone Suid-Afrikaners is van julle eie moraliteit en integriteit.**

Ons gaan voort om vir die regering en al die mense van hierdie land te bid. Ons sal die geleentheid verwelkom om weer met u persoonlik in gesprek te tree.

Dr Gustav Claassen
Algemene Sekretaris
Nederduitse Gereformeerde Kerk
Tel: +27 (12) 342 0092
Sel: +27 82 856 1943
E-pos: gustavc@ngkerk.org.za / info@ngkerk.org.za

Dr Wouter van Wyk
Sekretaris: Kommunikasie
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
Tel: +27 (12) 322 8885
Sel: +27 82 339 2332
E-pos: wouter@nhk.co.za

Ds Cassie Aucamp
Voorsitter: Deputate Ekumenies
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Sel: +27 82 377 1112
E-pos: anberg@absamail.co.za